| | |
|---|---|
| VERSLAGWAARDIG | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER REGTERS | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER LANDDROSTE | JA/NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

*KIMBERLEY*
*SAAK NO.: CA&R 129/06*
***DATUM AANGEHOOR: 11-12-2006***
***DATUM GELEWER:15-12-2006***

In die saak van:

**ALLOYSIUS G. RAUTENHEIMER** — **EERSTE APPELLANTE**

**ALBERT N. MOKGWAMME** — **TWEEDE APPELLANTE**

teen

**DIE STAAT** — **RESPONDENT**

**CORAM: LACOCK R et WILLIAMS R:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

1. Beide appellante is op 31 Maart 2006 in die Streekhof, Kimberley skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 5(b) van Wet 140 van 1992, handel in 1.35 kg dagga.

2. Beide appellante was regsverteenwoordig. Die eerste appellant is skuldig bevind nadat hy onskuldig gepleit het,

terwyl die tweede appellant skuldig gepleit het maar ‘n pleit van onskuldig aangeteken is nadat die staat nie bereid was om sy pleit te aanvaar nie.

3. Die eerste appellant is gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande voorwaardelik opgeskort is. Die tweede appellant is gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande voorwaardelik opgeskort is.

4. Die eerste appellant kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding en vonnis hom opgelê terwyl die tweede appellant slegs teen vonnis appelleer.

5. Wat gemeensaak is hier is die volgende:

5.1 Die eerste appellant, ‘n korrektiewe beampte by die Kimberley gevangenis het op 4 Augustus 2005 net na middernag vir diens aangemeld. By die hoofingang van die gevangenis is sy voertuig, wat klaarblyklik aan sy moeder behoort, gevisenteer en is 1.35 kg dagga in ‘n sak (‘n *togbag* in volksmond ), wat aan hom behoort het, binne in die kattebak gevind. Die dagga was in elf BB-tabaksakkies verpak. Die eerste appellant is dieselfde nag gearresteer.

5.2 Die tweede appellant, die oom van die eerste appellant, het

later, na hy gehoor het van die eerste appellant se arrestasie, aan die polisie erken dat die dagga wat in die eerste appellant se voertuig gevind is aan hom behoort het.

6. Die eerste appellant se weergawe in kort is dat hy nie geweet het dat daar dagga in die voertuig was nie en dat hy eers later gehoor het dat dit aan tweede appellant behoort. Die eerste appellant se weergawe word later in meer detail behandel.

7. Die tweede appellant se weergawe, wat hy aanvanklik in sy skuldigpleit en toe ook onder eed voorgehou het, is die volgende:

7.1 Hy is die broer van die eerste appellant se moeder. Die betrokke voertuig behoort aan die eerste appellant se moeder en hy, die tweede appellant, gebruik ook soms hierdie voertuig.

7.2 Gedurende die loop van die oggend voor die eerste appellant se arrestasie, het die tweede appellant die voertuig by die eerste appellant se woning gaan haal terwyl die eerste appellant, wat nagskof gewerk het, nog geslaap het. Hy het die motorsleutels by die eerste appellant se bediende gekry.

7.3 Hy het die voertuig gebruik om dagga te gaan haal in een van die plaaslike woonbuurte vir ene Kingston. Hy getuig dat hy altyd vir Kingston gaan dagga haal het en dat Kingston sy petrolgeld betaal het.

7.4 Die dagga wat hy ontvang het, het hy in ‘n sak wat hy in die voertuig se kattebak gekry het, gepak en toegemaak met ‘n handdoek wat reeds in die sak was.

7.5 Kingston was nie tuis toe hy die dagga wou aflewer nie en het hy die voertuig, met die dagga in die kattebak, weer gaan parkeer by die eerste appellant se woning. Die eerste appellant het op daardie stadium nog steeds geslaap.

7.6 Die tweede appellant is daarvanaf weg om ‘n loswerkie vir iemand te verrig en het eers die volgende oggend by die eerste appellant se moeder gehoor dat hy gearresteer is vir dagga.

8 Die eerste appellant se gronde van appél ten opsigte van die skuldigbevinding is tweeledig. Eerste, dat die verhoorhof nie die wesenlike verskille in die Staat se getuienis in ag geneem het nie en tweedens dat die verhoorhof nie die tweede appellant se weergawe as bo redelike twyfel waar kon aanvaar en terselftertyd ook vir die eerste appellant kon skuldig vind nie.

9. Die Staat het die getuienis van die twee korrektiewe beamptes wat die eerste appellant se voertuig gevisenteer het aangebied. In wese is die getuienis van mnre Groenewald en Erasmus dat hulle die aand opdrag gehad het om visenteringswerk by die ingang van die gevangenis te verrig aangesien daar vermoed is dat dagga by die gevangenis ingebring sou word.

10. Toe die eerste appellant daar aankom is hy gevra om die voertuig se kattebak oop te maak.

    Daar was 'n sak in die kattebak wat die eerste appellant gegryp het en self deursoek het. Hy het eers deur die twee sysakke gegaan. Die middelste gedeelte van die sak was met 'n ritssluiter toegemaak. Toe die eerste appellant hierdie hoofgedeelte van die sak oopmaak het hulle gesien dat daar 'n handdoek bo in die sak lê.

11 Eerste appellant het versigtig bolangs en langs die kante van die handdoek die binnekant van die sak oopgemaak. Op hierdie stadium het Groenewald die handdoek weggeruk en die BB-tabak sakkies gesien wat met bruin kleeflint toegemaak was. Hy het een sakkie oopgemaak en vasgestel dat dit dagga bevat.

12. Die weersprekings tussen die twee getuies wat deur mnr Nel, wat namens die appellant optree, uitgelig is is dat:

12.1 Groenewald getuig het dat hy die sak uit die kattebak gehaal het toe die eerste appellant dit van hom gryp en self gevisenteer het, terwyl Erasmus getuig het dat Groenewald slegs gereik het na die sak alvorens dit deur die eerste appellant gegryp is.

12.2 Groenewald ontken het dat hulle die sak by die eerste appellant afgeneem het, terwyl Erasmus getuig het dat Groenewald die sak vanaf eerste appellant gegryp het.

12.3 Groenewald getuig het dat die eerste appellant skrikkerig voorgekom het toe hy ontdek dat hy gevisenteer sou word terwyl Erasmus getuig het dat hy rustig voorgekom het.

13. Ek meen nie daar kan met enige oortuiging betoog word dat hierdie weersprekings wesenlik is nie. Daar kan tog kwalik verwag word van twee getuies om presies deiselfde weergawe aan die Hof voor te hou. Dit is juis in sulke gevalle waar daar twyfel behoort te wees oor die betroubaarheid van die getuienis.

14. Die eerste appellant se weergawe aan die anderkant is dat hy die nag aangemeld het vir diens en opgelet het dat daar ongewone aktiwiteit by die ingang van die gevangenis was. Diensvoertuie wat nie gewoonlik daar gestaan het nie, soos die senior bewaarders se voertuig en dié van die honde-eenheid, het by die ingang gestaan.

Hy is daar gestop en gevra om die kattebak van sy moeder se voertuig oop te maak. Die sak waarin hy gewoonlik sy oefenklere in gehad het was in die kattebak. Hy is deur die

bewaarders gevra om die sak oop te maak, wat hy toe gedoen het. Terwyl hy nog besig was om die sak te deursoek het Groenewald die sak by hom gegryp en die dagga onder die handdoek daarin gekry.

15. Sy getuienis is dat hy die spesifieke dag geslaap het tot 15:00 en toe hy wakker word was die voertuig by sy woning geparkeer. Hy was nie bewus daarvan dat die tweede appellant die voertuig gebruik het nie en nog minder dat daar dagga in sy sak was.

16. Sy getuienis is verder dat indien hy geweet het van die dagga, hy nie, toe hy die aktiwiteit by die ingang van die gevangenis gesien het, daar sou indraai nie aangesien hy besef het dat daar gevisenteer word.

17. Dat die honde-eenheid en die ander bewaarders se voertuie oop en bloot by die ingang van die gevangenis gestaan het, aldus die eerste appellant, is deur sy regsverteenwoordiger aan die twee staatsgetuies gestel. Hulle het egter ontken dat daar enige ongewone aktiwiteit by die ingang was. Volgens die staatsgetuies was al die voertuie wat in die visenteringsoptrede gebruik was agter die gebou by die ingang geparkeer en glad nie sigbaar vanaf die straat nie. Hulle het ook binne die gebou gewag met die ander personeel wat gewoonlik by die ingang

werk. Groenewald se getuienis was dat hulle spesifiek die voertuie en hulself so versteek het aangesien dit al in die verlede gebeur het dat hulle opgemerk word en persone weggejaag het. Volgens Groenewald het hy en Erasmus eers uit die gebou gekom toe die eerste appellant by die ingang stilgehou het.

18. Wat egter nie aan die staatsgetuies gestel is nie en vir die eerste keer in sy getuienis in hoof aan die lig gekom het, is die eerste appellant se bewering dat toe hy by die ingang van die gevangenis kom, daar 'n voertuig voor hom was wat gevisenteer gewees het en waarvoor hy moes wag voordat hy kon ingaan.

19. Die eerste appellant was verteenwoordig deur 'n ervare prokureur en ek het geen twyfel dat indien hy vir mnr Bode instruksies tot hierdie effek gegee het, dit aan die staatsgetuies gestel sou word. Die afleiding wat gemaak kan word met hierdie nuwe brokkie getuienis is dat dit 'n versinsel is om homself in 'n verontskuldigde lig te plaas.

20. Wanneer daar gekyk word na die waarskynlikheid in hierdie saak, het die verhoorhof na my mening korrek bevind dat die eerste appellant se weergawe nie redelik moontlik waar kan wees nie en dat sy verdagte optrede, soos beskryf deur die

staatsgetuies, aanduidend daarvan was dat hy geweet het dat daar dagga in sy voertuig was.

21. Die vraag wat nou beantwoord staan te word is of die verhoorhof korrek was in sy bevinding dat die enigste redelike afleiding wat gemaak kan word uit die spesifieke verpakking van die dagga en die vervoer daarvan na die gevangenis, is dat die eerste appellant die opset gehad het om te handel daarmee.

22. In isolasie gesien moet ek erken dat die afleiding dat die eerste appellant met die dagga wou handel onafwendbaar is. Die saak strek egter verder as dit.

Die tweede appellant se weergawe is nie in kruisondervraging deur die staatsaanklaer aangeval nie. Daar is nie eers stellings tot die teendeel aan hom gemaak nie. Die verhoorlanddros het in sy uitspraak ten opsigte van die tweede appellant bevind dat hy al die elemente van die misdryf erken het. Hy verwys spesifiek daarna dat die tweede appellant die voertuig gebruik het om *"dagga te gaan afhaal by 'n plek, hy het dit vervoer in hierdie voertuig namens ene Kingston."*

23. Ek meen mnr Nel is korrek wanneer hy betoog dat die verhoorhof se bevinding ten opsigte van die tweede appellant 'n impak behoort te hê op die lotgevalle van die eerste appellant.

24. Kan dit nie as ‘n redelike moontlikheid beskou word dat die eerste appellant geweet het dat die dagga in sy sak aan die tweede appellant behoort het en hy bloot versuim het om dit uit die voertuig te verwyder, sonder dat hy die bedoeling gehad het om daarmee te handel?

Gesien in die lig daarvan dat die verhoorhof bevind het dat die tweede appellant die dagga in die voertuig vervoer het (en by afleiding daar gebêre het) ten behoewe van ‘n derde persoon, kan die bogemelde na my mening nie as ‘n redelike moontlikheid uitgeskakel word nie.

25. Ek is van mening dat die eerste appellant in hierdie omstandighede die voordeel van die twyfel moet kry en moet sy skuldigbevinding aan handel in dagga tersyde gestel word en vervang word met besit van dagga.

26. Wat die appél teen die vonnisse aanbetref het me Van Heerden, wat namens die Staat optree, toegegee dat die vonnisse opgelê onvanpas swaar is in die omstandighede.

27 Die appellante is beide eerste oortreders.

27.1 Die eerste appellant was 32 jaar oud ten tye van vonnisoplegging. Hy is getroud en het ‘n twee jarige kind. Sy

eggenote is ook ‘n korrektiewe beampte. Hy is geskors van sy werk ná die skuldigbevinding maar het tot op hede nog sy salaris ontvang.

27.2 Die tweede appellant was 43 jaar oud ten tye van vonnisoplegging. Hy is geskei en woon met sy drie kinders, onderskeidelik 21, 18 en 13 jaar oud. Hy doen smouswerk waarmee hy tussen R500,00 en R800,00 ‘n week verdien.

28. Die advokate is dit eens dat die appellante in hierdie omstandighede die keuse van ‘n boetevonnis gegun moet word gekoppel aan gevangenisstraf met verdere opgeskorte gevangenisstraf.

29. Ek is dit eens, na aanleiding van vonnisse opgelê in redelik vergelykbare sake dat die vonnisopsie deur die advokate voorgestel gepas sal wees. Sien onder andere *S v Makoae* 1997(2) SACR 705(o), *S v Heilig* 1999(1) SACR 379(W), *S v Mbatha* 200(2) SACR 409 (WLD).

30. Dit word ook regtens toegegee deur mnr Nel, dat al sou die eerste appellant skuldig bevind word aan die mindere oortreding van besit van dagga, hy as gevolg van die vertrouensposisie waarin hy as korrektiewe beampte opgetree het, ‘n soortgelyke vonnis opgelê behoort te word as die tweede

appellant. Hy versoek dat die appellante die geleentheid gegun word om hul boetes af te betaal.

**Bygevolg word die volgende bevele gemaak:**

**a) Die eerste appellant se appél teen skuldigbevinding slaag.**
**Die skuldigbevinding word tersyde gestel en vervang met een van *"skuldig aan besit van dagga."***

**b) Beide die appellante se appélle teen die vonnisse hulle opgelê slaag. Die opgelegde vonnisse word ter syde gestel en ten opsigte van beide appellante vervang met die volgende:**

gR3000, 00 of by wanbetaling daarvan twaalf maande gevangenisstraf. Hierbenewens word die beskuldigde 'n verdere 12 maande gevangenisstraf opgelê wat in die geheel opgeskort word vir vier jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikels 4(b) of 5(b) van Wet 140 van 1992 gepleeg gedurende die periode van opskorting nie."

**c) Wat die eerste appellant betref word dit gelas dat hy ten opsigte van die boetevonnis 'n bedrag van R1 500, 00 teen 22 Desember 2006 betaal en daarna 'n bedrag van R500,00 teen die 7de dag van elke daaropvolgende maand totdat die bedrag ten volle betaal is.**

**d) Wat die tweede appellant betref word dit gelas dat hy ten opsigte van die boetevonnis 'n bedrag van R1 000, 00 teen 22 Desember 2006 betaal en daarna 'n bedrag van R300,00 teen die 7de dag van elke daaropvolgende maand totdat die bedrag ten volle betaal is.**

**e) Die betalings hierbo genoem moet gemaak word by die Klerk van die Hof, Kimberley**

__________________________

C C WILLIAMS

REGTER

Ek stem saam.

__________________________

H J LACOCK

REGTER

| | |
|---|---|
| ***Nms. Appellante:*** | ***Adv I J Nel*** |
| | ***i.o.v Fletcher's*** |
| ***Nms. Respondent:*** | ***Adv. A H Van Heerden*** |
| | ***Departement van Openbare Vervolging, Kimberley*** |